Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Lewende Stene

Jy is ingemessel

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.

OPENING

Hoor hoe dit by elkeen hierdie week gaan. Wat is relevant in ons omgewing waarvoor ons kan bid en hoe wil die Here ons daar dalk gebruik as Christene?

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)

KOM ONS BEGIN

Wat gebeur in jou hart as jy dink aan gebroke mense?

_____

_____

_____

Oral op ons reis is daar gebrokenheid om ons. Paulus sê die wêreld is in barensnood tot nou toe en hy sug. *Oral is daar krake!*

Wat is die kerk se rol is in stukkende mense se lewe? Wat is my rol?

Ons teks vir hierdie reeks is 1 Petrus 2:5

Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
1 Petrus 2:5

Klink hierdie teks al vir jou anders noudat ons dit so gereeld hoor?

KOM ONS LEES
Mat 9:9-13

9 Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit
en vir hom gesê: “Volg My!” Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.
10 Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy
dissipels kom eet. 11 Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: “Waarom eet julle leermeester
saam met tollenaars en sondaars?”
12 Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek
is. 13 Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’ Ek het nie gekom om
mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”

INHOUD & GESPREK

- **Watter keuses en watter optrede vra dié teks van my? Praat met God daaroor.**

Jesus het geleer in Luk 10

36 "Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"
37 Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het."
Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."

Wat tref jou oor Jesus se hart en optrede by die ete in Mat 9?

_____

_____

_____

As die rolle omgeruil was, en ek hoor Jesus my naam roep – "volg My",
soos in Mat 9, hoe sou ek voel dat Jesus my raakgesien en geroep het?

_____

_____

_____

"Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"
Ons lees van Jesus wat by baie tollenaars en sondaars geëet het. Hoe raak dit ons vandag?

_____

_____

_____

Hoe kan ek my huis, tyd en gawes gebruik om ander te seën om my etenstafel?

_____

_____

_____

Wie verkies ek om NIE te nooi nie. Waarom nie?

_____

_____

_____

VERDERE GESPREK

Hebr 13 praat van moontlik **engele as gaste** herberg.

In Mat 25 praat Jesus in soverre julle aan een van die geringstes gedoen het, **het julle dit aan My** gedoen.. Hoe raak dit ons persepsie van hulp?

_____

_____

_____

UIT SONDAG SE EREDIENS

Ons het na statistiek geluister van waar die Here die gemeente gebruik in gebrokenheid ... ons verhale van gebrokenheid, seer, keuses en wat ons geleer het van wat God se hart is vir mense wat stukkend is. Hoe gebruik God jou?

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

MAAK VAS

Wat gaan jy as lewende steen doen om gebroke mense te dien?
Gee praktiese raad aan mekaar.
Dink na oor waar daar gebroke mense in ons omgewing is en hoe ek kan help.

Gebed
Jesus dankie dat U die Hoof is van U kerk en nie mense nie. Dankie dat U ons elkeen met gawes en talente, met tyd en vermoeëns seën om tot seën vir ander te wees. Dankie dat U ons leer hoe om as U kerk te funksioneer en U daardeur te verheerlik!

Amen

NOTAS